- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video's en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 18

> *Die koning het ontroerd geraak en in trane na die kamer bokant die poort opgeklim. Daar het hy heen en weer geloop en gesê: "My seun, Absalom, my seun, my seun …" (vers 33)*

'n Mens kan Dawid se smart goed begryp. Geen ouer behoort 'n

tyding te kry soos Dawid hier nie.
Ek dink Dawid se ontroosbaarheid is vererger deur ’n diepe skuldgevoel. Hy het sy gesin in die steek gelaat deur sy vergryp met Batseba, en daarná deur die halfhartige manier waarop hy sy seuns getug het.
Uiteindelik het Dawid se swak ouerskap nie net sy gesin uitmekaar geskeur nie, maar ook sy koninkryk. ’n Gesonde gesinslewe is die basis vir ’n gesonde beroepslewe. Jy moenie verwag dat jy ’n sukses van jou beroep sal maak as jy nie jou huis goed hanteer nie. Daarom gee Paulus dit as ’n voorskrif aan Timoteus deur by die kies van ouderlinge: hulle moet mense wees wat hulle eie huis goed regeer en op waardige wyse gesag oor hul kinders kan uitoefen (1 Tim 3:4).
Ons maak almal foute met die opvoeding van ons kinders. Dit is onvermydelik. As Pa en Ma egter in liefde met mekaar en hulle kinders leef, sal hulle nie Dawid se bitter pad loop nie.

© Bybelkoerant 2018 – 2026